SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

OMSENDSKRYWE AAN SSK GRAANPRODUSENTE
SEPTEMBER 2021
REëLINGS VIR GRAANLEWERINGS
2021/2022

1. ONTVANGSTYE

Produsente sal in oestyd vanaf 1 Oktober 2021 gedurende onderstaande tye by die onderskeie SSK depots (Swellendam, Heidelberg, Karringmelksrivier, Protem, Ashton, Krombeksrivier, Riversdal, Albertinia, Kleinberg Sakdepot en Herold) kan lewer.

Normale tye - Maandae tot Vrydae:	**07:30 - 13:00**
	14:00 - 17:00
Normale tye - Saterdae:	**08:00 - 12:00**
Spitstye - Maandae tot Saterdae:	**07:00 - 19:00**

Wanneer abnormale weersomstandighede ondervind word moet lede hul vergewis van leweringstye by depots, aangesien leweringstye mag verskil van depot tot depot. Leweringstye tydens spitstye en Saterdae sal deurlopend ooreenkomstig die situasie aangepas (verkort of verleng) word. Dit mag ook soms as gevolg van ander redes nodig wees om leweringstye aan te pas.

Produsente word dus versoek om deurlopend met die betrokke Silobedryfsbestuurders, Petrus Boshoff of Henry Gale te skakel met betrekking tot inligting in hierdie verband.

2. ONTVANGSTES

2.1 Koring sal by alle depots ontvang word.

2.2 Moutgarskultivars sal ontvang word soos in onderstaande tabel uiteengesit.

Depot	S16 (Kadie)	S12 (Hessekwa)	S14 (Elim)	S19 (Bitou)
Swellendam	Nat/Droog	Nat en Droog	Nat en Droog	Droog
Protem	Droog	Nat en Droog	Nat en Droog	
Heidelberg	Nat/Droog		Nat en Droog	
Karringmelksrivier	Nat/Droog	Nat en Droog		

2.3 Eksperimentele kultivars soos S19, Grace & Traveler sal slegs droog ontvang kan word by Swellendam silo. Kontak u naaste Silobedryfbestuurder, Petrus Boshoff of Henry Gale om lewering reëlings hierom te bevestig.

2.4 Canola sal by Swellendam, Protem, Ashton, Heidelberg, Krombeksrivier, Riversdal en Albertinia ontvang word.

2.5 Korog en voergars ontvangste sal ooreenkomstig die verloop van die seisoen en beskikbare kapasiteit by die verskillende depots oorweeg word. Produsente word dus versoek om deurlopend met die betrokke Silobedryfsbestuurders, Petrus Boshoff of Henry Gale te skakel met betrekking tot inligting in hierdie verband.

2.6 Hawer (ontbyt en voer) ontvangste sal ooreenkomstig die verloop van die seisoen en beskikbare kapasiteit by Swellendam, Ashton, Riversdal, Albertinia en Herold ontvang word. Produsente word versoek om deurlopend met die betrokke Silobedryfsbestuurders, Petrus Boshoff of Henry Gale te skakel met betrekking tot inligting in hierdie verband.

2.7 Produsente moet kennis neem dat ontbythawer op ‘n eenvormige standaard ontvang gaan word volgens die vereistes van die oorgrote meerderheid ontbythawer kopers. Die gevolg daarvan is dat daar ‘n op- en afgraderingsglyskaal vir onthythawer van toepassing sal wees. Verwys na Aanhangsel E vir ontbythawer spesifikasies en glyskaal .

3. LOSMAATHANTERING

3.1 Graan sal verkieslik in losmaat ontvang word.

3.2 Vragmotors/waens moet selfledigend wees sodat dit nie nodig sal wees om graan met grawe af te laai nie. Hierdie is ‘n aspek wat die afgelope tyd verwaarloos is en gegewe die klagtes daaromtrent sal dit streng afgedwing word.

4. PROTEïEN EN STIKSTOFBEPALINGS

4.1 Proteïenbepalings sal op gesuiwerde monsters gedoen word in die geval van koring nadat alle onsuiwerhede verwyder is.

4.2 In die geval van gars sal stikstof bepaal word nadat die gars gesif is. Dit kom daarop neer dat slegs die sifsels en onsuiwerhede uit die monster waarop vetkorrels bepaal word, verwyder word en stikstof dan op die res bepaal word**.**

5. DROGING VAN GRAAN

5.1 Bepaling van klas en graad

Die graan word by ontvangs gegradeer op nat basis, maar die graad word deur middel van ‘n omrekeningstabel aangesuiwer en produsente daarvolgens vergoed.

5.2 Meet van massa volgens vog en sifsel aanpassing

Die massa waarop produsente vergoed word, is die massa soos werklik bepaal, min die aansuiwering vir vog en hantering verlies per produk volgens SSK se amptelike glyskaal.

Sien bladsy 11: Aanhangel C – Gewig aanpassing mbt vog en sifsels.

5.3 Persentasie vog

5.3.1 Koring met ‘n voginhoud bo 15.0 % sal slegs by uitsondering aanvaar word en by Kleinberg Depot sonder uitsondering .

5.3.2 Gars vir vermoutingsdoeleindes met ‘n voginhoud bo 15.0 % sal onder geen omstandighede ingeneem word nie.

5.3.3 Canola met ‘n voginhoud bo 12.0 % sal slegs by uitsondering aanvaar word.

5.3.4 Voergraan sal, indien omstandighede dit toelaat, bokant 13 % vog ontvang word.

5.3.5 Die Silobedryfsbestuurders sal volgens die omstandighede op elke individuele depot die % vog vir inname afwaarts kan aanpas ten einde te verhinder dat droërs agter raak en graan ontvangste as gevolg daarvan periodiek opgeskort moet word.

5.4 Tariewe

Sien bladsy 9: Aanhangsel A vir canola drogingstariewe en bladsy 10: Aanhangsel B vir koring, hawer, korog en gars drogingstariewe.

Drogingstariewe bo die toelaatbare maksimum vogperk is slegs van toepassing in uitsonderlike gevalle en bevestig nie dat graan bo die toelaatbare vogpersentasies gelewer mag word nie .

5.5 **Droërs op plase**

Moutgarsprodusente met privaatdroërs het in die verlede reeds eenparig toestemming verleen dat hulle droërs gesluit word wanneer hul gars oes. Produsente wat nie hieraan gehoor gee nie, plaas SSK en ander produsente op risiko wat ernstige finansiële implikasies inhou.

6. LEWERINGSKONTRAK EN LEWERINGSKEUSEBRIEFIES

U het waarskynlik reeds ‘n leweringskontrak met ‘n graankoper of bemaker gesluit. U graan sal hanteer word ooreenkomstig die reëls en regulasies van die stoorooreenkoms en poelreëls (indien van toepassing) wat tussen SSK en u betrokke koper of bemaker gesluit is.

U moet asseblief let op die volgende reëlings ten opsigte van u keuse van lewerings gedurende 2021/22 seisoen.

Alle produsente moet ‘n graanleweringskeusebriefie invul en saam met elke vrag stuur om sodoende die korrekte lewering en leweringsvoorwaardes te verseker.

U moet asseblief op die volgende punte let:

- Leweringskeusebriefieboekies sal beskikbaar wees by die depots
- Kampnommers moet aanbegring word op die leweringsbriefie in die geval van canola en moutgars
- Indien die keusebriefie nie voltooi word nie, sal die lewering nie aanvaar word alvorens die briefie volledig voltooi is nie of die graan sal op ‘n produsente se eie naam afgelaai word.

Waar produsente graan van hul eie naam na ‘n spotpryskontrak van ‘n spesifieke dag of enige ander kontrak wil oordra, moet dit skriftelik op die voorgeskrewe vorm gedoen word. Indien die skriftelike opdrag nie deur SSK ontvang word nie, kan die produsent nie aanvaar dat die opdrag gefinaliseer en uitgevoer is nie en sal SSK nie verantwoordelik gehou kan word nie.

Alle eie naam koring graanlewerings sal as standaard op dagtariefbasis ontvang word. Ander produkte sal weer as ‘n standaard op seisoentarief ontvang word. Dit sal verseker dat dit moontlik is om later aan ‘n koper se behoefte ten opsigte van silokoste aan te pas. Produsente wat koring vir ‘n langer periode op hul eie naam wil berg en die seisoentarief verkies, moet SSK (gerig aan Marianne Beyers of Duffy Snyman te SSK, Swellendam) skriftelik sodanig inlig voor 30 November 2021. Indien die verandering nie skriftelik voor 30 November 2021 ontvang word nie, sal die dagtarief ten alle tye onveranderd van krag bly tot en met die uitlaai daarvan.

Alle eie naam lewerings is onderworpe aan ‘n standaard SSK opbergingsooreenkoms wat beskikbaar is vir besigtiging by SSK Hoofkantoor te Swellendam of die silo waar u graan lewer. Sien bladsy 15, Aanhangsel D: SSK Silokostes vir 2021/22

7 UITREIK VAN BELASTING FAKTURE NAMENS PRODUSENT

SSK reik van tyd tot tyd namens produsente belastingfakture uit. Dit kan slegs geskied indien daar ‘n skriftelike ooreenkoms bestaan tussen beide SSK en die Produsent soos wat vereis word deur die Inkomstebelasting wet, Wet 89 van 1991. Alle produsente word versoek om meegaande skrywe “Toestemmings brief” te voltooi en so gou moontlik terug te stuur vir aandag Duffy Snyman of Marianne Beyers te SSK Swellendam om SSK in staat te stel om belastingfakture namens produsente uit te reik.

8 VOORRAAD OORDRAG, SILOSERTIFIKAAT EN UITLAAI INSTRUKSIES

Die oordrag van voorraad en uitreik van silo sertifikate asook die versoek van uitlaai instruksies kan slegs geskied met toestemming van die eienaar van die spesifieke voorraad. Die toestemming kan geskied per skriftelike of telefoniese opdrag van die produsent. Indien u die opdrag telefonies wil deurgee, word produsente versoek om meegaande Toestemmings brief te voltooi en so gou moontlik

terug te stuur vir aandag Duffy Snyman of Marianne Beyers te SSK Swellendam om die administratiewe proses te bespoedig. Alternatiewelik sal u ons van ‘n skriftelike opdrag moet voorsien.

9. VERGOEDING VIR LEWERING VAN GRAAN VIR SAADDOELEINDES

Produsente wat versoek word om graan vir saad doeleindes te lewer, sal vergoed word teen ‘n bepaalde prys ooreenkomstig hul ooreenkoms met SSK.

10. SIFSELS

Sien bladsy 11: Aanhangsel C vir gewigsaanpassing mbt sifsels.

11. CHEMIESE BEHANDELDE GRAAN

Graan wat met chemiese middels behandel is mag onder geen omstandighede gelewer word nie, aangesien dit kan lei tot die afkeur van die hele buis. Produsente moet verseker dat hulle massakarre, awegaars en stropers ens. skoon is. Produsente wat chemies behandelde graan lewer, sal sy eie lewering sowel as die ander graan waarmee dit vermeng geraak het, op hul koste moet oorneem. Chemiese behandelde graan sal lei tot die afgradering van die totale buis met ernstige finansiële gevolge vir SSK.

12. MENG VAN MOUTGARS KULTIVARS

As gevolg van die verskillende ontkiemings eienskappe van verskillende gars kultivars is dit nie moontlik om gemengde gars te vermout met goeie resultate nie. Gemengde gars kultivars word dus gegradeer as voergars. Produsente word versoek om ernstig te let op die kultivar suiwerheid van moutgars aangesien dit aanleiding kan gee tot groot verliese.

13. LEWERING TYDENS REëNWEER

Geen graan sal by depots hanteer word terwyl reënweer voortduur nie.

14. NAT GARS OP PLASE

Die berging van nat gars op plase (store, silo sakke, in hope op die land of andersins) veroorsaak stoor swamme met ernstige finansiële implikasies en moet ten alle koste vermy word. Produsente word ernstig versoek om nie voort te gaan met uitdors van nat gars wanneer die silo’s by tye ontvangstes tydelik opskort nie. SSK behou die reg voor om moutgars af te keur indien dit volgens SSK se oordeel ‘n ontkiemings risiko inhou omrede dit onbehoorlik hanteer is.

15. REëL VAN VERKEER

Die personeel by die graan depots het die reg om verkeer op die silo terrein te reël ten einde vloei van graan by die onderskeie aflaaipunte te vergemaklik en te bespoedig.

Vragmotors wat geweeg moet word vir plaaslaai kry ongelukkig geen voorkeur nie en sal in die normale lyn inval vir die weeg en gradeer daarvan.

In gevalle waar die vrag oorlaai is en moet aflaai by die silo of waar opberg voorraad by gelaai moet word, sal die vragmotor na die aflaai van oorlaaide graan of by laai van opberg voorraad weer agter in die lyn inval om geweeg en gegradeer te word.

16. PADWEEGBRUE

Alle SSK pad weegbrûe is volgens wetgewing gekalibreer tot ‘n totale vrag massa van 60 ton soos voorgeskryf deur die NRCS se standaard SANS 1649:1995. Indien ‘n vrag meer as 60 ton weeg sal SSK se weegbrûe geen massa registreer nie en sal die vragmotor sy bakke moet afhak om die kombinasie te weeg. Geen weeg aksie per as sal toegelaat word nie.

17. GRAANSAADBESTELLINGS VIR VOLGENDE SEISOEN

Bestellings vir graan saad moet noodgedwonge reeds voor of op 30 November 2021 geplaas word ten einde die beskikbaarheid van voorraad te verseker. Laat bestellings kan gepenaliseer word. Informasie insake saad bestellings, beskikbaarheid, kultivars ens. sal mettertyd verskaf word saam met die saad bestelvorm wat aan u gepos sal word. Geen telefoniese saad bestellings sal aanvaar word nie.

18. FOUTE OP GRAAN ONTVANGSBEWYSE

Indien daar foute op graan ontvangsbewyse verskyn of indien daar iets omtrent ‘n graan ontvangsbewys is wat u wil bevraagteken, moet dit binne 48 uur na lewering onder Duffy Snyman of Marianne Beyers se aandag gebring word. Indien nie, sal regstelling nie altyd moontlik wees nie veral as die voorraad van eienaar verwissel het.

19. GRADERING DISPUTE

Indien daar tydens die monsterneming proses bevind word dat die besending om welke rede ook al nie voldoen aan die gradering vereiste nie, sal die besending uit die lyn getrek word. Die Silobestuurder sal die kliënt kontak en as daar konsensus bereik is oor die hantering van die vrag, sal die vrag dan ingeweeg word vir aflaai.

Indien daar tydens die aflaai proses bevind word dat die besending om welke rede ook nie voldoen aan die gradering vereiste nie, sal die besending vanaf die aflaai put getrek word en ‘n nuwe monster geneem word uit die aflaaiput of die produk op die vragmotor, welke een ook beskikbaar is om die kwaliteit daarvan te bepaal.

In geval waar die eienaar van die graan nie teenwoordig is nie, sal die Silobestuurder die eienaar kontak en as daar konsensus bereik is oor die hantering van die vrag, sal die vrag afgelaai word.

Waar gradering dispute ontstaan en daar nie konsensus bereik kan word tussen die kliënt en die Silobestuurder nie, sal die besending uit die lyn getrek word en SSK sal ‘n onafhanklike gradeerder aanstel om die dispuut te hanteer.

Versteekte graan lei tot die afkeur/afgradering van die totale buis met ernstige gevolge vir SSK en sy lede. Graan kan by die aflaaipunt herbemonster word en die graad van die vrag herbepaal word of die vrag kan in geheel geweier word indien die kwaliteit van so ‘n aard is dat dit risiko vir SSK inhou.

20. HEFFINGS EN VRYWILLIGE BYDRAES

Die SAWCIT heffing vir koring en gars beloop R14.50 / ton en vir hawer R6.00 / ton (BTW uitgesluit). Dit sal deur SSK by die punt van lewering gevorder word.

Die Suid Afrikaanse Kultivar Tegnologie Agentskap (SACTA) heffing bly ‘n statutêre heffing en word gevorder by die eerste punt van verhandeling. Die heffing beloop R 30.00 / ton (BTW uitgesluit) en is van toepassing op koring, gars en hawer.

GSA heffings is ‘n vrywillige heffing wat R5.40 / ton vir koring, gars en hawer en R6.75 / ton vir canola beloop (BTW uitgesluit). Die heffing word gevorder by die eerste punt van lewering .

Indien u ‘n beswaar het om vrywillige bydraes te maak, aan GSA of SAWCIT, geliewe SSK (Die Bestuurder Graan) asseblief skriftelik so in kennis te stel en wel voor 01 Oktober 2021. Indien sodanige beswaar nie ontvang word nie, word aanvaar dat die bydraes vrywillig betaal word.

21. BTW

Die uitreik van belastingfakture is ‘n reëling tussen die produsent en die kopers/bemarkers.

Wet 89 van 1991 vereis dat belasting fakture wat namens ‘n ander party uitgereik word slegs so kan geskied indien beide partye voldoen aan die vereistes soos daargestel deur die kommissaris van die Inkomste Dienste. SSK versoek derhalwe alle produsente om meegaande Toestemmingsbrief te onderteken en tydig in te stuur na SSK hoofkantoor of by u naaste SSK silo in te dien, indien SSK namens ‘n produsent belasting fakture moet uitreik. Die bepalings en vereistes van Wet 89 van 1992 is vervat in SSK se standaard opberging ooreenkoms.

22. SSK GRAANBEMARKING

Vooruit kontrakte by SSK op sekere grane kan gedoen word deur vooraf vir Henry Gale te kontak by 0824403304 of u kan lewer op SSK Spotpryse wat daagliks by SSK Silo`s beskikbaar sal wees.

23. AFREKENINGSPROSEDURE BY SSK

Fondse vanaf kopers sal steeds direk teen u rekening gekrediteer word as ‘n voorskot. Indien surplusfondse beskikbaar is of in gevalle waar produsente geen verpligting by SSK het nie, sal die surplusfondse op lede se kredietrekeninge geplaas word. Laasgenoemde sal beteken dat lede rente verdien op surplusfondse vanaf datum van ontvangs. Produsente word versoek om self te verseker dat alle tersaaklike inligting op graanbriefies korrek is. Indien foute waargeneem word, word produsente versoek om dit binne die voorgeskrewe tyd aan te meld.

24. DEELSAAIERS

Plaasnommers en kampnommers moet op die leweringkeusebriefie aangebring word.

25. PASPOORTSTELSEL VIR MOUTGARS EN CANOLA

Voordat moutgars vir SABM en Canola vir Soill by enige silo gelewer kan word, moet produsente ‘n volledig voltooide en getekende paspoort inhandig (Aangeheg by moutgarskontrakte en Canola kontrakte). Inhandiging moet plaasvind 2 weke voordat enige lewering kan plaasvind by Soill elektronies in die geval van canola en by African Grain Investments elektronies in die geval van moutgars. Tydens lewering sal SSK ‘n verteenwoordigende monster van elke vrag neem en bewaar by die onderskeie silo’s vir verdere ontleding en/of nasporing van aspekte wat latere risiko en/of skade vir SSK as silo-eienaar mag inhou. Hierdie monster mag gebruik word om enige risiko’s en/of skade te identifiseer as deel van latere dispuut prosedures.

Hierdie prosedure is ‘n vereiste ten einde te kontroleer dat geen ongeregistreerde chemiese middels in die produksieproses van moutgars of canola gebruik is nie. Sulke moutgars of canola mag onder geen omstandighede gelewer word nie aangesien dit kan lei tot die afkeur van ‘n hele buis. Produsente wat sulke gars of canola lewer, sal sy eie lewering sowel as die ander graan waarmee dit vermeng geraak het, op hul koste moet oorneem.

Enige lewering van canola of moutgars waarvan die nodige paspoort nie vooraf ingedien is nie, sal noodgedwonge nie by ‘n SSK silo ontvang kan word nie.

26. MOUTGARS RISIKOHEFFING

Volgens die moutgars model wat die afgelope paar jaar van toepassing is, dra SSK as opberger die grootste deel van die kwaliteit risiko van moutgars in SSK silo’s opgeberg tot en met aanvaarding daarvan deur SABM by hul mouterye. Die verlies van afkeurings is gelykwaardig aan die verskil tussen die ex-Caledon gelewerde moutprys (dra koste vir die periode na oestyd tot Oktober die volgende jaar wanneer dit versend word ingesluit) en die voergarsprys (afgelei van die mielieprys).

Ter wille van verantwoordelike bestuur, het SSK se direksie enkele jare gelede besluit om ‘n “moutgars risiko heffing” op alle moutgars wat by SSK gelewer word, te implementeer. Vir die komende 2021/22 seisoen het die direksie besluit om dieselfde praktyk te volg. Die R100 / ton heffing sal net soos verlede jaar van produsente verhaal word en in ‘n poel bestuur word ten einde die risiko van afkeurings te ondervang. Die poel sal so spoedig moontlik nadat die moutgars in totaal versend is, afgesluit word en die balans van die heffing in die poel plus rente (bereken volgens SSK se kredietrekening koers) sal aan produsente uitbetaal word voor einde Oktober die daaropvolgende jaar.

27. TELEFOONNOMMERS EN KONTAKPERSONE

Swellendam	Johan Kluyts	(028) 514 8678 / 0823890204
Protem	Willem Louwrens	(028) 514 8697 / 0823890128
Karringmelksrivier	Marius Stander	(028) 514 8695 / 0823888241
Heidelberg	Attie Geldenhuys	(028) 514 8741 / 0833811421
Ashton	Johan Germishuys	(028) 514 8696 / 0823890698
Krombeksrivier	Bertie Swart	(028) 514 8950 /0721075084
Riversdal	Hanno Laufs	(028) 7134942 / 0833801314
Albertinia	Nico Malan	(028) 7352639 / 0721041732
Kleinberg Sakdepot	Johan Myburgh	/ 0834007066
Herold	Patrys Erasmus	(044) 8881626 / 0793671423
Graan Admin	Marianne Beyers	(028) 514 8612
Graan Admin	Duffy Snyman	(028) 514 8612
Operasionele Bestuurder	Petrus Boshoff	(028) 514 8942/ 0823880024
Graan Bestuur	Henry Gale	(028) 514 8649 / 0824403304
Graan Bestuur	Henk de Beer	(028) 514 8609 / 0823880022

Toestemmings opdrag aan SSK

Deur ondertekening van meegaande toestemmings opdrag gee ek as SSK kliënt vir SSK toestemming om die volgende administrasie namens my as kliënt te hanteer:

1. Die uitreik van Belasting fakture namens my as kliënt volgens die vereistes soos daar gestel deur die Kommissaris van die Suid Afrikaanse Inkomste Diens wat vervat is in Wet 89 van 1991.

Ja	Nee

2. Die lewering van graan op SSK spotpryse hetsy by wyse van mondelinge of skriftelike opdrag aan SSK.

Ja	Nee

3. Die oordrag van graan vanaf eienaam kontrakte na eienaar kontrakte hetsy by wyse van mondelinge of skriftelike opdrag aan SSK.

Ja	Nee

4. Die uitreik van uitlaai instruksies en Silo sertifikate op eie naam hetsy by wyse van mondelinge of skriftelike opdrag aan SSK.

Ja	Nee

5. Die kontraktering van Soill mandate en die prysing daarvan hetsy by wyse van mondelinge of skriftelike opdrag aan SSK.

Ja	Nee

Toestemmings opdrag onderteken deur:

Produsent Naam:		Handtekening:	
Lidnommer:		Datum:	

Stuur getekende dokument aan SSK Graan administrasie te SSK Hoofkantoor 34 Voortrekkerstraat vir name Marianne Beyers of Duffy Snyman of faks die dokument na (028) 514 8657.

Telefoniese navrae in verband met die toestemmingsbrief kan gerig word aan:
Marianne Beyers by: 028 514 8612 mbeyers@ssk.co.za
Henry Gale by: 028 514 8649 hgale@ssk.co.za

AANHANGSEL A

SSK CANOLA DROGINGTARIEWE (R/TON) - 2021/2022			
CANOLA GEDROOG TOT		7.00%	
VOGINHOUD (%)	CANOLA	VOGINHOUD (%)	CANOLA
8.10%	R 22.93	12.10%	R 143.70
8.20%	R 25.43	12.20%	R 146.77
8.30%	R 27.97	12.30%	R 149.04
8.40%	R 30.42	12.40%	R 151.56
8.50%	R 32.79	12.50%	R 154.07
8.60%	R 35.41	12.60%	R 157.05
8.70%	R 38.02	12.70%	R 159.92
8.80%	R 40.53	12.80%	R 162.43
8.90%	R 43.14	12.90%	R 165.18
9.00%	R 45.86	13.00%	R 169.46
9.10%	R 48.55	13.10%	R 173.71
9.20%	R 50.68	13.20%	R 176.75
9.30%	R 52.94	13.30%	R 179.43
9.40%	R 55.08	13.40%	R 181.99
9.50%	R 57.45	13.50%	R 184.55
9.60%	R 59.60	13.60%	R 187.89
9.70%	R 61.87	13.70%	R 190.57
9.80%	R 64.35	13.80%	R 193.63
9.90%	R 67.06	13.90%	R 196.30
10.00%	R 70.92	14.00%	R 201.15
10.10%	R 74.91	14.10%	R 205.73
10.20%	R 78.07	14.20%	R 209.05
10.30%	R 81.12	14.30%	R 212.36
10.40%	R 84.28	14.40%	R 215.67
10.50%	R 87.44	14.50%	R 218.27
10.60%	R 90.60	14.60%	R 221.09
10.70%	R 93.30	14.70%	R 224.27
10.80%	R 96.58	14.80%	R 227.44
10.90%	R 99.85	14.90%	R 230.89
11.00%	R 104.31	15.00%	R 236.59
11.10%	R 108.75	15.10%	R 239.43
11.20%	R 112.09	15.20%	R 242.73
11.30%	R 115.31	15.30%	R 245.65
11.40%	R 118.59	15.40%	R 248.69
11.50%	R 121.81	15.50%	R 251.73
11.60%	R 125.03	15.60%	R 254.78
11.70%	R 128.37	15.70%	R 257.70
11.80%	R 131.47	15.80%	R 260.74
11.90%	R 134.69	15.90%	R 263.17
12.00%	R 139.42	16.00%	R 267.08

Let wel: Tariewe sluit BTW uit.

NOTA: Canola met meer as 16% vog word slegs op 'n ad hoc basis ontvang.

Toestemming moet van die Silobedryfsbestuurder of Bestuurder:Graan verkryword.

Die addisionele drogingskoste vir elke 0.1% vog bedra per ton R 8.63

AANHANGSEL B

SSK KLEINGRAAN DROGINGTARIEWE (R/TON) - 2021/2022

KORING, KOROG, HAWER EN VOERGARS GEDROOG TOT 12.50%
MOUTGARS GEDROOG TOT 12.50%

VOGINHOUD (%)	KORING, KOROG, HAWER	GARS
13.10%	R 22.66	R 31.33
13.20%	R 28.64	R 37.49
13.30%	R 34.52	R 43.54
13.40%	R 40.51	R 49.70
13.50%	R 46.60	R 56.08
13.60%	R 52.80	R 62.87
13.70%	R 58.89	R 69.03
13.80%	R 65.09	R 75.19
13.90%	R 71.18	R 81.46
14.00%	R 78.55	R 94.76
14.10%	R 85.55	R 106.64
14.20%	R 92.13	R 118.42
14.30%	R 98.49	R 130.20
14.40%	R 104.85	R 142.08
14.50%	R 111.96	R 155.24
14.60%	R 118.44	R 167.24
14.70%	R 124.91	R 179.23
14.80%	R 131.49	R 191.33
14.90%	R 138.07	R 203.33
15.00%	R 148.79	R 215.86
15.10%	R 157.57	
15.20%	R 166.25	
15.30%	R 175.14	
15.40%	R 183.60	
15.50%	R 192.49	
15.60%	R 201.28	
15.70%	R 209.95	
15.80%	R 218.52	
15.90%	R 227.31	
16.00%	R 236.31	

Let wel: Tariewe sluit BTW uit

NOTA: Koring met meer as 16% vog word slegs op 'n ad hoc basis ontvang.
Toestemming moet van die Silobedryfsbestuurder of Bestuurder:Graan verkry word.
Die addisionele drogingkoste vir elke 0.1% vog bedra per ton R 9.65
Moutgars met meer as 15% vog word nie ingeneem nie.

AANHANGSEL C

GEWIGSAANPASSING MBT VOG & SIFSELS: 2020/21

1. GEWIGSAANPASSING NA DROGING (VIR VOGVERLIES)

Die volgende formule word toegepas gebaseer op die netto gewig van ‘n vrag nadat dit gedroog is nl: (100% - vog van graan / 100% - vog waarna graan gedroog is) x die vraggewig

1.1 KORING (Alle grade)

(100% - vog van koring / 100% - 12.5%) x vraggewig
= (100% - vog van koring / 87.5%) x vraggewig

1.2 MOUTGARS

(100% - vog van moutgars / 100% - 12.5%) x vraggewig
= (100% - vog van moutgars/ 87.5%) x vraggewig

1.3 CANOLA

(100% - vog van canola / 100% - 7.0%) x vraggewig
= (100% - vog van canola/ 93%) x vraggewig

1.4 VOERGARS

(100% - vog van voergars / 100% - 12.5%) x vraggewig
= (100% - vog van voergars / 87.5%) x vraggewig

1.5 KOROG

(100% - vog van korog / 100% - 12.5%) x vraggewig
= (100% - vog van korog / 87.5%) x vraggewig

1.6 HAWER

(100% - vog van hawer / 100% - 12.5%) x vraggewig
= (100% - vog van hawer / 87.5%) x vraggewig

1.7 LUPIENE

(100% - vog van lupiene / 100% - 10.0%) x vraggewig

= (100% - vog van lupiene / 90.0%) x vraggewig

2. GEWIGSAANPASSING VIR MASSAVERLIES

2.1 KORING (BS, B1, B2, B3)

Sifsel %	Aftrekking %
0.0 - 2.99	0.50
3.0 - 3.99	1.50
4.0 - 4.99	2.50
5.0 - 5.99	3.50
6.0 - 6.99	4.50
7.0 - 7.99	5.50
8.0 - 8.99	6.50
9.0 > =	Volle sifsels %

2.2. MOUTGARS

Sifsels %	Aftrekking %
0.0 - 2.99	0.50
3.0 - 3.99	1.75
4.0 - 4.99	2.50
5.0 - 5.99	3.50
6.0 - 6.99	4.50
7.0 – 7.99	5.50
8.0 – 8.99	6.50
9.0 > =	Volle sifsels %

2.3 CANOLA

‘n Standaard hanteringsverlies aftrekking van 1% plus ‘n verdere 1% vir elke 1% bo 1.0% ten koste van die produsent .

2.4 VOERGARS

Sifsel %	Aftrekking %
0.0-3.99	0.50
4.0 - 4.99	1.00
5.0 - 6.99	1.50
7.0 - 8.99	2.00
9.0 - 10.99	3.00
11.0 - 12.99	4.00
13.0 - 14.99	5.00
15.0 -16.99	6.00
17 > =	Volle sifsels %

2.5 KOROG

Sifsel %	Aftrekking %
0.0-3.99	0.50
4.0 - 4.99	1.00
5.0 - 6.99	1.50
7.0 - 8.99	2.00
9.0 - 10.99	3.00
11.0 - 12.99	4.00
13.0 - 14.99	5.00
15.0 -16.99	6.00
17 > =	Volle sifsels %

2.6 HAWER (Graad 1 / Ontbythawer)

Sifsel %	Aftrekking %
0.0 - 2.0	0.50
2.1 - 3.0	1.50
3.1 - 4.0	2.50
4.1 - 5.0	3.50
5.1 – 6.0	4.50
6.1 – 7.0	5.50
7.1 – 8.0	6.50
8.1 > =	Volle sifsels %

Hektolitermassa	Aftrekking %
> = 52	0
51.0 - 51.99	0.50
50.0 - 50.99	1.00
49.0 - 49.99	1.50
48.0 - 48.99	2.00

2.7 HAWER (Graad 2 / Voergraad)

Sifsel %	Aftrekking %
0.0 - 4.99	0.50
5.0 - 6.99	1.50
7.0 - 8.99	2.50
9.0 - 10.99	3.50
11.0 - 12.99	4.50
13.0 - 14.99	5.50
15.0 -16.99	6.50
17 > =	Volle sifsels %

2.8 VOERKORING (AKK)

Sifsel %	Aftrekking %
0.0 - 4.99	0.50
5.0 - 6.99	1.00
7.0 - 8.99	1.50
9.0 - 10.99	2.00
11.0 - 12.99	2.50
13.0 - 14.99	3.50
15.0 -16.99	4.50
17 > =	Volle sifsels %

SSK
SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

AANHANGSEL D

SSK SILOKOSTES VIR 2021/22

Tipe Stoor opsie	Komponent	Eenheid	Koring	Moutgars	Canola	Ontbyt Hawer	*Voergraan
Seisoentarief		R/ton/seisoen	R170	R217.50	R235	R128	R96
Of							
Dagtarief	Hantering	R/ton/eenmalig	R70	Geen	Geen	R71	R51
	Opberging	R/ton/dag	R1.12	Geen	Geen	R1.12	R1.12
Oordragtarief	Opberging	R/ton/dag	R1.35	R1.35	Geen	R1.35	R1.35

Keuses tussen seisoen- en dagtarief:

- Dagtarief opberging is geldig tot 30 September 2022 waarna oordragtarief inwerking tree.
- Oordragtarief opberging is geldig vanaf 1 Oktober 2022 vir die vorige seisoene se voorraad.
- Die keuse van dag- of seisoentarief vind plaas met lewering en die keuses kan slegs verander word vanaf dag- na seisoentarief tot en met 30 November 2021 teen eienaar oorplasing admin fooi tarief.
- Canola produsente eie naam lewerings slegs op seisoentarief.

Betaling van stoorkostes	Gedurende inname	Gedurende versending /oorplasing / uitreik van sertifikaat
Koring seisoentarief	R70/ton	R100/ton
Moutgars seisoentarief	100% van koste met inname	
Canola seisoentarief	100% van koste met inname	
Ontbythawer seisoentarief	100% van koste met inname	
Voergraan seisoentarief	100% van koste met inname	
Dagstoor hantering	100% van koste met inname	
Dagtarief opberging	Bereken op daaglikse balanse, maandeliks gekapitaliseer	
Oordragtarief	Bereken op daaglikse balanse, maandeliks gekapitaliseer	

Ander kostes	Gedurende inname	Gedurende oorplasing	Gedurende uitreik van sertifikaat
Silo sertifikaat uitreikingskoste			R2.65/ton met ’n minimum koste van R235 per sertifikaat
Eienaar oorplasing admin fooi		R2.65/ton met ’n minimum koste van R235 per oorplasing	

**Voergraan per SSK definisie is: voergraad gars, voergraad koring, korog, voergraad hawer en mielies*
(Alle kostes sluit BTW uit).

AANHANGSEL E

2020/2021 Ontbyt Spesifikasie

Grading specification Milling oats	H1
Hectoliter Mass	52 kg min
Moisture	13% max
Noxious seed	1 per 10kg max
Ergot	0.02%/2.5kg max
Smut	4/100g max
Black, Grey or brown oats	2% max
Field fungi	3% max
Storage fungi	0.5% max
Dehulled	5% max
Screenings (1.8 mm sieve)	2% max
Sand, gravel and stones	0.5% max
Foreign matter plus sand, gravel and stones	1% max
Heat damaged kernels	0.5% max
Damaged kernels plus heat damaged kernels	3% max
Other grains and un threshed ears	2% max
Foreign matter plus damaged kernels	3% max
Cultivars other than Pallinup/SSH 491/SSH4185	
/SSH4186/Dunnart/Mitika/Simonsberg	5% max
Colour	White to yellow

Hectoliter Mass	Premium	GRADE
52 to 52.9 kg	R 0	H1
53 to 53.9 kg	R 50	HS1
54 to 54.9 kg	R 100	HS2
55 to 55.9 kg	R 150	HS3
56 kg plus	R 200	HS4
	Discounts	
51 to 51.9 kg	R -50	H2
50 to 50.9 kg	R -150	H3
49 to 49.9 kg	R -250	H4